

14 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 19

Fokusgedeelte: 1 Konings 19:1-14

Die Here neem sy kinders na die hoogtes en los hulle nie in hulle laagtes nie

Elia ervaar God in die vorige hoofstukke as die lewende God. En nou? Nou beleef hy 'n geloofsinsinking, 'n moedeloosheid en 'n depressie wat in skerp teenstelling staan met sy vorige onverskrokke optrede. Kyk hoe werk God nou met hom. Hy gee hom kos. Hy laat hom praat deur twee keer vir hom te vra: "Wat maak jy hier, Elia?" Dan wys God hom op sy besondere teenwoordigheid in die fluistering van 'n windstilte – nie in die opspraakwekkende dinge nie. Dan wys die Here hom daarop dat hy nie alleen in Israel is nie. Daar is nog ander wat Hom dien en hy sal nie meer alleen hoef te stry nie. Ander sal hom help. Ons leer belangrike lesse uit hierdie werkswyse van God met Elia: jy moet na jou fisiese welstand kyk. Jy moet iemand hê met wie jy jou frustrasies en bekommernisse kan deel en veral weet dat jy met God in die gebed daarvoor kan praat. Jy moet na goeie raad luister, raad wat jou help om die werklikheid in die oë te kyk. Jy moenie van God verwag om op 'n dramatiese wyse met jou te praat as Hy reeds in sy Woord en deur jou omstandighede met jou gepraat het nie. Jy moenie meer op jou gevoelens konsentreer as op die waarhede van die Skrif nie. Jy moenie dink dat God net vir jou kan gebruik nie. Jy bly 'n mens met menslike swakhede. Dit is hoogmoed wat jou laat dink dat net jy daar waar jy is geskik is vir die werk van God. As gelowige wat leef na die eerste koms van Christus, moet jy ook weet dat daar geen enkele beproewing is wat jy ly waardeur jou Verlosser self nie is nie. Hy het medelye met elkeen van ons. Daar onder die besembos sou geen mens op Elia afgekom het om te help nie, maar God het. God neem nie sy kinders na die hoogtes om hulle in hulle laagtes alleen te los nie.

Sing: Psalm 130:3,4

Ds PH Fick (Komatipoort)